

Literatuur uit die lewe: André Jolles se *Einfache Formen*

Heilna du Plooy

Opsomming

In hierdie artikel word daar opnuut gekyk na André Jolles se teorie oor die sg. *Einfache Formen*. Die doel is om vas te stel of hierdie teorie nog enige geldigheid besit en 'n doel kan dien in die kontemporêre literatuurwetenskap. Jolles se siening van basiese 'taalgebare' of taalkonstruksies wat uit bepaalde geestesaktiwiteite voortkom en wat gemanifesteer word in komplekse taalstrukture wat hy eenvoudige vorme noem, word verduidelik. Een van die eenvoudige vorme, die legende, word uitvoerig bespreek en die ander slegs kortliks toegelig. Raakpunte tussen Jolles se teorie en sekere kontemporêre literatuurwetenskaplike teorieë word aangetoon. Die voorkoms van die eenvoudige vorme in hedendaagse taalkonstruksies en ander tekste word aangetoon en ten slotte word daar kortliks gekyk na die verband tussen die eenvoudige vorme en Etienne Leroux se romans.

Summary

In this article the simple forms of André Jolles are viewed from a 'modern' perspective. His theory of basic language structures that develop from submerged and collective mental processes active in all societies and the manifestation of these structures in more complex structures, the simple forms (*Einfache Formen*), is analysed and discussed. The legend as a simple form is discussed at length and the other simple forms are merely mentioned. Similarities between Jolles' theory and contemporary literary theories are indicated, as well as the manifestation of certain aspects of the simple forms in modern texts. In conclusion the relation between the simple forms and the archetypal and ritual aspects of the novels of Etienne Leroux is discussed.

1. Agtergrond

In die Literatuurwetenskap staan alles deesdae in die teken van die post-strukturalisme. Die strukturalistiese benadering van die literatuur as verskynsel en die strukturalistiese literêre teorie word dikwels as uitgedien, ontoereikend en veral naïef bestempel. Hierdie houding teenoor die strukturalisme is in baie opsigte geregverdig, maar 'n mens kan nie help om soms die idee te kry dat die kind met die badwater weggegooi word nie.

Wanneer 'n mens in die strukturalistiese verhaalteorie die kaf van die koring begin skei, is dit baie interessant dat van die oudste strukturalistiese teorieë nog steeds geldigheid besit. Dit wil vir my voorkom of sommige van hierdie 'ou' literatuurwetenskaplikes se intuïsie veel suiwerder was as die latere ekstremiteite waarin die strukturalisme verval het. Ek dink hier veral aan mense soos Vladimir Propp en André Jolles, wat albei as voorgangers van die strukturalisme beskou word (Scholes, 1974:42).

Propp se analise van 100 Russiese sprokies illustreer onteenseglik dat daar literêre vorme bestaan wat op 'n kombinasie van konstante en veranderlike elemente gebou is. *Morphology of the Folktale* het aanvanklik in 1927 verskyn en het met die vertaling daarvan in Engels in die vyftigerjare opnuut bekend-

heid verwerf. Hierdie boek is nog steeds 'n standaardwerk vir die analise van volksverhale, en die geldigheid van die werkwysse word ook bevestig deur Eco (1979:144 e.v.) se analise van die James Bond-verhale. Die analise van die patroonmatigheid van tekste is veral in die vermaaklikheidswêreld van groot belang. Massaproduksie en kitsproduksie is noodsaaklik om tydskrifte, televisieroosters en slapbandafdelings van boekwinkels vol te hou: met 'n wenresep en genoeg vindingrykheid kan 'n mens selfs baie geld maak.

Minder bekend as die werk van Propp, is André Jolles se teorie oor die eenvoudige vorme. Waar baie latere strukturaliste op Propp se uitgangspunte voortbou (mense soos Bremond, Greimas, Todorov en Eco), is daar minder blyke van 'n terugryp na of 'n uitbreiding van Jolles se teorie. Desnieteenstaande vind 'n mens wel in sommige kontemporêre teorieë benaderings en uitsprake wat by Jolles se teorie aansluit. In hierdie artikel wil ek Jolles se teorie kortliks uiteensit en aantoon hoe sy teoretiese uitgangspunte nog geldig is en selfs nog nuttig kan wees in die beskrywing en ontsluiting van gekompliseerde kontemporêre tekste.

Ek gaan eers Jolles se beredenering van sy teorie weergee en verduidelik: dat hy sekere geestesaktiwiteite in 'n gemeenskap waarneem; dat hierdie geestesaktiwiteite volgens hom in sekere taalgebare of taalkonstruksies manifesteer; dat bymekaarhorende taalgebare saam komplekse taalstrukture vorm wat hy eenvoudige vorme noem. Die legende as eenvoudige vorm word uitvoerig bespreek om te illustreer hoe Jolles 'n verband lê tussen geestesaktiwiteit, taal, eenvoudige vorm en kunsvorm. Daar word ook aangetoon uit watter geestesaktiwiteit die ander eenvoudige vorme ontwikkel en positiewe en negatiewe kommentaar op Jolles se teorie word bespreek.

Daar kan seker met reg gevra word watter doel dit kan dien om Jolles se teorie op te diep en af te stof. Ek glo dat Jolles se sienswyses op verskeie maniere aansluiting vind by kontemporêre literêre teorie. Hierdie raakpunte tussen ouer en nuwer literêre teorieë is nie net interessant vir die student in die literatuurwetenskap nie, maar beklemtoon opnuut die kontinuïteit van die literatuurwetenskap as 'n wetenskap met 'n geskiedenis.

Verder is daar onteenseglik waardevolle insigte in Jolles se teorie oor die geestesaktiwiteite in gemeenskappe en die verband tussen hierdie aktiwiteite en die taaluiting van die mens. Dieselfde verskynsels wat onderliggend is aan Jolles se eenvoudige vorme, kan in verskeie 'moderne' genres teruggevind word. Ek wil dus aantoon dat Jolles se insigte nie net verhelderend kan werk t.o.v. literêre teorieë oor die literatuur nie, maar veral t.o.v. bepaalde werke waarin 'n bepaalde geestesaktiwiteit en 'n doelbewuste artistieke ontginning van 'n literêre vorm (wat ook 'n eenvoudige vorm kan wees) onderskei kan word.

Einfache Formen, Jolles se klassieke werk,¹ verskyn in 1929, dus in dieselfde periode as Propp se *Morphology of the Folktale*. Albei hierdie werke beskryf hulself as *morfologies* van aard, en albei is duidelik produkte van die eerste roeringe van die strukturalisme. Propp het in dieselfde tydperk as die Russiese Formaliste sy navorsing gedoen, en waar die invloed van die Duitse filosowe op die Formaliste bekend is, is dit net logies dat Jolles aan dieselfde algemene filosofiese benadering blootgestel was (Beekman, 1983:329).

Daar is egter diepgaande verskille tussen die twee werke. Propp bestudeer die morfologie van 'n bepaalde groep sprokies deur een element van die verhalende struktuur, naamlik die *funksie* as uitgangspunt te neem. Hy ontleed die struktuur van hierdie groep sprokies deur te kyk na die soort funksies (waar 'n funksie 'n handeling van 'n karakter aandui), hoe die funksies die handelende persone in groepe teenoor mekaar stel, en hoe die funksies in die sprokies op mekaar volg.

Jolles gaan heel anders te werk. Hy ondersoek sekere 'taalstrukture', wat hy 'eenvoudige vorme' noem. Hy huldig die opvatting dat hierdie eenvoudige vorme 'sich ... sozusagen ohne Zutun eines Dichters in der Sprache selbst ereignen, aus der Sprache selbst erarbeiten', en hy onderskei nege sulke eenvoudige vorme, naamlik die legende, die sage, die mite, die raaisel, die spreuk, die *Kasus*, die *Memorable*, die sprokie en die grap. Hy ondersoek voorbeelde van elke vorm om uit te vind hoe so 'n vorm tot stand kom en watter eienskappe die vorm vertoon. Hy werk dus nie met konkrete teksegmente (of elemente van 'n mondelinge vertelling) of tekssegmente nie, maar met die betekenseenhede wat in die eenvoudige vorme onderskei kan word. 'n Mens kan dus beweer dat hy nie net na die formele of oppervlakkige kenmerke van die eenvoudige vorme kyk nie, maar dat hy hierdie vorme karakteriseer op grond van dieptestrukture wat hy aan die geestesaktiwiteit en geestesbehoefte van die gemeenskap koppel.

In 'n vroeëre bundel opstelle *Bezieling en vorm* (1923), verwys Jolles reeds terloops na die idee van 'eenvoudige vorme', maar in *Einfache Formen* gee hy 'n uitvoerige uiteensetting van sy teorie.

2. Uitgangspunte

Jolles (1956:2-5) verklaar duidelik dat hy in *Einfache Formen* 'n morfologiese ontleding wil doen. Waar die agtiende-eeuse literatuurstudie primêr met die estetiese eienskappe van die literêre werk gemoeid was en die negentiende eeu die tyd van die positivisme en die beklemtoning van die genialiteit van die kunstenaar was, bring die twintigste eeu volgens Jolles (1956:5) die morfologie as benaderingswyse. Waar die estetiese en betekenisgeoriënteerde benadering die voltooid literêre werk as objek neem, wil Jolles as 't ware die pad vanaf taal tot kunswerk bestudeer. Wanneer, waar en hoe is taal nie meer net 'teken' nie, maar ook geskape (herskape) beeld of betekenisvolle gestalte: 'Formbestimmung, Gestaltdeutung heisst für diese Richtung die Aufgabe' (Jolles, 1956:5).

Dit wat Jolles die eenvoudige vorme noem, onderskei hy van kunsvorme en ook van spesifieke manifestasies van die eenvoudige vorme. By die ontstaan van die eenvoudige vorme is daar 'n taalverskynsel aan die werk wat nie afhanklik van een persoon of 'n gemeenskap of 'n bepaalde volk is nie. Dit is iets wat in alle gemeenskappe, onder alle groepe mense voorkom en dus iets universeel mensliks is. Dit is 'n proses wat bo en buite die individu plaasvind, maar wat die mens (via die taal) as medium gebruik.

Sekere geestesaktiwiteit van die mens in sy gemeenskap vind in bepaalde konstruksies van woorde konkrete gestalte. So 'n 'taalgebaar' (*konkrete*

sprachliche Gefüge) bevat 'n kern of kiemsel wat later in 'n kunsvorm kan ontwikkel. Hierdie konkrete taalsamestelling is iets onveranderliks, wat op verskillende plekke en tye en in verskillende kulture verskillende uiterlike vorme kan aanneem, maar wat in wese altyd aan dieselfde kern herkenbaar bly.

Jolles (1956:9) verduidelik hierdie begrippe deur die taal as 'n menslike werksaamheid te beskou. Hy glo dat alle menslike werksaamhede drie fasette vertoon, wat hy met die beelde van boer, handwerker en priester voorstel. Die taalaktiwiteit vertoon ook hierdie drie fasette wat as ordening of bewerking, skepping of herskepping en aanwysing of betekenisuitlegging beskryf kan word.

Die boer bewerk die natuur wat as 'n ongeordende, ruwe gewese ordening vereis. Die handwerker of kunstenaar verwerk en herskep die produk wat die boer aan die natuur ontworstel het, tot iets kunstigs. Maar elke handeling het betekenis en is sinvol, en die priesterarbeid is daardie aktiwiteit wat die betekenis uitlig en aandui. '*Erzeugen, Schaffen, Deuten* sind die Tätigkeiten, die eine Gemeinschaft zu einer Arbeitsgemeinschaft zusammenschweissen' (Jolles, 1956:9).

Waar hierdie werksaamheid in die taal plaasvind, geskied dit op tweërlei wyse: 'Erstens wird alles Erzeugte, Geschaffene, Gedeutete von der Sprache benannt. Zweitens aber – und hier greif wir tiefer – ist Sprache selbst ein erzeugendes, Schaffendes, Deutendes, etwas, worin sich Anordnung, Umordnung, Verordnung eigenst ereignen' (Jolles, 156:13).

Alles wat die mens sien en herken en oordink, word taal, maar in die proses word die taal self iets wat bewerkend, verwerkend en sinduidend inwerk. In kontemporêre terminologie sou 'n mens hierdie stelling soos volg kon opsom: taal (of 'n teks) is nie slegs referensieel nie, die taalteken en die teks as teken op sigself besit ikonisiteit. 'Und dann sehen wir zugleich, wie durch die Sprache oder durch die Literatur etwas ergriffen, verändert und erneuert wird, was . . . in der Natur gegeben war' (Jolles, 1956:24).

Soos wat die eerste steen van 'n bouwerk in beginsel die uiteindelijke aard van die bouwerk bepaal, so bepaal die basiese taaluiting die taalvorme wat daaruit ontwikkel. Die 'taalgebaar' (*Sprachgebärde*) ontstaan uit 'n geestesaktiwiteit (*Geistesbeschäftigung*) wat in die gemeenskap as iets natuurliks na vore tree. In die inleiding by die Duitse uitgawe van die *Decamerone* beskryf Jolles (1956:vii) die *Geistesbeschäftigung* as 'den Geist der sich ihres Innersten bemächtigte, von dem sie fortan besessen waren. Dieser Geist war so unabhängig von ihren bisherigen Überzeugungen, so selbständig in seinem Auftreten und Handeln, dass es vollkommen gleichgültig war, ob sie ihn vorher gekannt, ja sein Vorhandesein geahnt hatten'.

'n Bepaalde geestesaktiwiteit kom tot konkrete gestalte in 'n taalkonstruksie, 'n taalgebaar wat bepaalde kenmerke vertoon. Sulke taalgebare vorm die eenhede waaruit 'n eenvoudige vorm bestaan. Bymekaarhorende en ooreenstemmende elemente of eenhede bevind hulself uiteindelik saamgevoeg in 'n bepaalde kenmerkende vorm, waarin verskillende onderdele bymekaar aansluit, met mekaar verenig en saam groei tot 'n 'menigvuldigheid' wat as *Gestalt* selfstandig bestaan en 'eigene Gültigkeit, eigene Bündigkeit besitzt'

(Jolles, 1956:18). Die eenvoudige vorm kan doelbewus as basis vir 'n meer gekompliseerde vorm gebruik word en dan praat Jolles van 'n kunsvorm of literêre vorm. Jolles onderskei dus tussen die algemene eenvoudige vorm, die verwerking van die eenvoudige vorm in 'n bepaalde legende, mite, sage of sprokie en die doelbewuste gebruik van die eenvoudige vorm in 'n literêre kunswerk.

Jolles (1956: xii) ondersoek drie vraagstukke met betrekking tot die eenvoudige vorme:

1. Watter betekenis het die basiese taalkonstruksie in verhouding tot die eenvoudige vorm?
2. In hoe 'n mate is die realisering van die eenvoudige vorme van die taalkonstruksies afhanklik en in hoe 'n mate kom die taalkonstruksies in die ontwikkeling van die eenvoudige vorm tot kunsvorm voor?
3. Wat is die verskille en ooreenkomste tussen verskillende tale in die totstandkoming van die taalkonstruksies en die ontwikkeling van die eenvoudige vorme en kunsvorme?

Wanneer Jolles die nege verskillende eenvoudige vorme ontleed, gaan hy telkens na uit watter *Geistesbeschäftigung* die vorm groei, watter *Sprachgebärde* daarin 'n rol speel, hoe die gerealiseerde eenvoudige vorme daar uitsien en ook hoe die kunsvorme daar uitsien.

3. Legende

Jolles se bespreking van die legende as eenvoudige vorm word hier as voorbeeld gebruik.

Jolles beskou die tradisionele legende as 'n afgeslote genre van die ou kulture, hoewel dieselfde *Geistesbeschäftigung* in die vroeë twintigste eeu tot uiting kom in die idealisering van sporthelde (of later in die twintigste eeu van filmsterre, popsterre en supersterre!) Hy kies die Middeleeuse Christelike legende om van nader te beskou en stel dit duidelik dat hy die legende lees soos wat 'n Middeleeuse mens dit sou lees – dit wil sê na tyd en ruimte binne die spesifieke religieuse en kulturele denkwysse waarin die geldigheid en ewigheidsbetekenis van die legende onbevraagtekenend aanvaar is. (Sy benadering getuig van 'n bewustheid van en sensitiwiteit vir die resepsie van werke.)

3.1 Heilig en heiligheid

Die Christelike legendes van die Middeleeue sentreer in die begrippe heilig, heiligheid en heiligwording, maar dan ook spesifiek soos dit deur die Rooms-Katolieke Kerk uiteengesit en verstaan is. Die heiligverklaring (kanonisasie) van 'n persoon volg 'n spesifieke kerklike weg wat min of meer soos volg verloop.

Iewers leef 'n deugdelike mens wat sy deugdelikheid werklik uitleef. Hierdie daadwerklike deugdelikheid (*tätige Tugend*) moet iets besonder wees en

moet tot wonderwerke aanleiding gee. Die plaaslike biskop kan vyftig jaar na die dood van so 'n persoon aansoek doen vir sy/haar heiligverklaring. Daar word eers op plaaslike vlak, later deur kardinale en uiteindelik deur die Pous ondersoek ingestel en uitsluitel gegee oor die heiligheid van die persoon. In die ondersoek moet daar voldoende getuienis gelewer kan word oor die deugdelikheid en wonders van die persoon, want die wonderwerke is die bevestiging van die deug. In hierdie stadium bestaan die moontlikheid van beatifikasie reeds, maar kanonisasie kan eers plaasvind as daar bewys gelewer is van postume wonders. Hierdie postume wonders moet plaasvind deur of rondom dinge wat aan die persoon, die perfekte dienskneg van God, behoort het. Sulke voorwerpe word relikwieë genoem, en die relikwieë is uiteindelik nie slegs simbole van die heiligheid van die persoon nie, maar word self heilig en besit eie mag. Deur die postume wonders is dan bewys dat die deugdelikheid objektief en selfstandig geword het en in wonderwerke vergestalt is: 'Die tâtige Tugend hat sich vergegenständlicht' (Jolles, 1956: 25).

Wanneer die kanonisasie plaasgevind het, keer die *deug* terug na die heilige persoon as 'n *mag* wat die *servus Dei* in diens van God gebruik. Die aanvanklike wonders moet die deugdelikheid bevestig, die postume wonders bewys die bevoegdheid tot heiligverklaring, maar ná die heiligverklaring word die wonders tekens van die mag van die heilige, wat vir die mense kan intree en aangeroep word met die bede dat 'n wonder verrig word.

3.2 *Imitatio* as geestesaktiwiteit

Die vraag ontstaan waarom mense ander mense heilig wil verklaar sonder dat die 'heilige' self daarvan weet of daaraan deel het. Volgens Jolles (1956:27–30) is die heiliges *vir* die gemeenskap en *vanweë* die gemeenskap daar – in beperkte kring, vir die *ecclesia universalis* en in die Hiernamaals. Vir die gemeenskap verpersoonlik die heilige alles wat goed is, en die *Geistesbeschäftigung* wat in die gemeenskap bestaan, is juis die behoefte aan iemand wat die weg aanwys en self die weg is. Daar is dan ook legendariese figure wat op dieselfde wyse die verpersoonliking van die bese is, byvoorbeeld Faust en die Vlieënde Hollander.

Die begrippe *imitatio* (nastrewe), *imago* (afbeelding) en *immutare* (sigself verander, iets anders word) kenmerk hierdie geestesaktiwiteit. Die heilige word dit wat die mense nastreef, hulle leef in *imitatio* van wat heilig is, die heilige is die navolgenswaardige (*imitabile*) wat as voorbeeld dien vir dit wat die gewone mens nastreef en waarin hy sigself wil verander (*immutare*).

3.3 Die heiligelewens

Die verhaal van die lewe van 'n heilige is 'n legende wat genoem word 'n heiligelewe of *vita*. Rondom die heilige en die relikwieë ontstaan die legende, d.w.s. daar is 'n persoon, die saak en die taaluiting. In die taaluiting word die lewe en wondere van die heilige noemenswaardig, maar dit raak algaande verder verwyder van die persoon. Die legende word self 'n *imitabile* deurdat die deugdelikheid en die navolgenswaardigheid daarin selfstandigheid verkry

as 'n objektiewe verwerkliking. Die historisiteit van die inhoud van die legende word deurbreek, en die deugdelikheid en wonderwerke as sodanig word nagestreef.

Wanneer verskillende heiligelewens ondersoek word, is daar sekere elemente wat in die meeste legendes ooreenstem. Daar is altyd vervolging en marteling (gewoonlik op 'ein Rad mit schaffen Klingen'). Die Christenstryder moet 'n versoeking van afgode of afgodsbeelde weerstaan, hy bied weerstand, hy spreek die afgodsbeelde aan en onderwerp hulle sodat hulle uitmekaarbars. Wanneer hy die vervolging en stryd oorleef en oorwin, praat 'n stem uit die hemel met hom en 'n witgeklede hemelse gestalte reik hom die hand.

Sulke gebeurtenisse is sonder twyfel meerduidelig en dit lei daartoe dat die taalkonstruksie wat daaraan uiting gee, nie net na die saak heenwys nie, maar self 'n betekenisvolle saak word: 'Ein plötzliches Zusammenkommen und ein vollkommenes Ineinanderaufgehen von *Meinen* und *Bedeuten* findet statt' (Jolles, 1956:35). Jolles noem die gelade eenhede soos wat hulle in die taaltteks gebruik word *Sprachgebärde*. Hoewel hy dit duidelik stel dat daar geen noodwendige chronologiese patroon in die ontstaan van die legende aangedui kan word nie (bv. eers geestesaktiwiteit, dan taalgebaar of andersom), speel die taalgebaar tog 'n kardinale rol in die ontstaan en bestaan van die eenvoudige vorme: 'Wo also unter Herrschaft einer Geistesbeschäftigung die Vielheit und Mannigfaltigkeit des Seins und des Geschehens sich verdichtet und gestaltet, wo dieses von der Sprache in seinen letzten, nicht teilbaren Einheiten ergriffen, in sprachlichen Gebilden wiederum Sein und Geschehen zugleich meint und bedeutet, da reden wir von der Entstehung der *Einfache Formen*' (Jolles, 1956: 35).

Die taalgebare vorm telkens saam 'n ander legende. 'Die vita van die heilige Georg' (of die 'heiligelewe van Georg') is dus die verwerkliking en die konkretisering van die moontlikheid wat in die legende as eenvoudige vorm bestaan. Die legende as eenvoudige vorm is in der waarheid 'n abstraksie met bepaalde essensiële onderdele en vormlike eienskappe, en dit word telkens gekonkretiseer in 'n reële eenvoudige vorm ('aktuelle oder gegenwärtige *Einfache Form*'), byvoorbeeld die 'vita van die heilige Georg'.

Jolles (1956:38) ondersoek die geskiedenis van die legende van die heilige Georg en vind dat met verloop van tyd nuwe verhale rondom die persoon van die heilige ontstaan het. Die martelaar word later ook 'n held wat drake uitroei en edele jong dames red. Hierdie veranderings en toevoegings tot die oorspronklike legende is egter bloot 'n literêre gebeurtenis, 'n proses wat slegs in die taal voltrek word. Rondom die oorspronklike legende versamel dus 'n hele groep legendariese vertellings wat die eienskappe en wondermagte van die heilige uitbou en konkretiseer. Hierdie versameling legendariese begrippe werk nou weer vormend en rigtinggewend in op die gemeenskap, sodat dit wat uit die gemeenskap voortkom (in 'n bepaalde *Geistesbeschäftigung*) selfstandigheid verkry en weer op die gemeenskap inwerk. Jolles (1956:40) vat dit saam: 'Alles dies wollen wir zusammen noch einmal *Legende* nennen. Es ist ein sprachlicher, ein literarischer Vorgang. Benennend, erzeugend, schaffend, deutend bildet die Sprache unter der Herrschaft einer Geistesbeschäftigung eine Gestalt, die, aus dem Leben hervorgegangen,

überal in das Leben eingreift'. Oral waar die mens met die legendariese eienskappe van die heilige te doene kry, in verhale of afbeeldinge wat ook al, word die heilige herken as 'ein imitabile, eine Person, die uns konkret zum Bewusstsein bringt, was wir in einem bestimmten Lebensvorgang erfahren möchten und zu tun haben' (Jolles, 1956:40).

3.4 Ander legendes

Jolles (1956:41) kom tot die gevolgtrekking dat sekere lewenshoudings en geestesaktiwiteite wat in 'n gemeenskap leef, letterlik 'verdig' (tot digterlike vorm lei, maar ook digter, kompakter word) en in 'n bepaalde figuur as 'n soort betekenis-kompleks saamgetrek word. Dit geld vir die goeie, soos in die heiligeleuens, sowel as vir die bose, soos in die Faustfiguur of die Vlieënde Hollander:

Daar bestaan baie variasies van die legendes (soos die geval is met al die eenvoudige vorme), maar inherent behoort die legende tot die wêreld van die *imitatio*. In die oorwinningsliedere van Pindarus, die Griekse en Egiptiese legendes, die kultusgedigte van die Babiloniërs, Indiërs en Germane en van baie 'natuurvolke' vind 'n mens steeds ooreenkomste ten opsigte van 'aus einer bestimmten Geistesbeschäftigung verdichteten sprachlichen Gebärden' (Jolles, 1956:47).

Dit is in elk geval ook baie duidelik dat hierdie geestesaktiwiteit nog steeds by die mens leef in die laat twintigste eeu. Deesdae voorsien al die supersterre en vermaaklikheidssterre in die mens se behoefte aan 'n *imitabile*.

4. Die ander eenvoudige vorme

Jolles ondersoek die agt ander eenvoudige vorme op dieselfde wyse as die legende. Hy gaan na watter geestesaktiwiteit wat in die werklikheid bestaan, geabstraheer word tot 'n selfstandige verskynsel, wat op sy beurt weer op die gemeenskap inwerk. Hy ondersoek ook die parallelle proses wat in die taal voltrek word, naamlik die geestesaktiwiteit se konkretisering in taalgebare wat saamgegroepeer die eenvoudige vorme daarstel, die verwerkliking van die eenvoudige vorm in 'n spesifieke *gegenwärtige einfache Form* en die uiteindelijke kunsvorm wat weer vormend op die gemeenskap inwerk.

Waar die legende uiting gee aan die mens se behoefte om die ideale leefwyse as voorbeeld te hê, het die sage die realiteit van familiebande, bloedverwantskap en stamverband as onderliggende geestesaktiwiteit. By die mite gaan dit om die mens se vrae in verband met die wese van dié dinge wat die mens se lewe en die wêreld beheers: die mens vra dat die wêreld en verskynsels in die wêreld aan hom geopenbaar sal word sodat hy dit kan begryp. Hier is sprake van 'n vraag en 'n antwoord, en die mite skakel ook altyd met die religieuse, die onsienlike en die kultiese (Jolles, 1956:80). Die raaisel bestaan ook uit 'n vraag en 'n antwoord, maar by die mite word die antwoord gegee en by die raaisel die vraag. Die *Geistesbeschäftigung* by die raaisel is ook 'die begeerte om te weet', maar dit gaan slegs om wat 'n ander reeds weet (Jolles, 1956:106). Die spreuk maak 'n bewering, 'n samevattende

stelling wat op 'n bondige manier 'n ervaring probeer vaslê en afsluit, omdat ervaring in die werklikheid sonder begin of einde is in die reeks van menigvuldige ervarings.

Die *Kasus* vervul in die mens se behoefte om handeling aan norme te toets. Die *Geistesbeschäftigung* wat in die *Kasus* vergestalt word, is die behoefte om 'n bepaalde gebeurtenis of handeling te kan beoordeel, en om die beoordeling te kan maak, word die gebeurtenis of handeling met 'n soortgelyke voorafgaande gebeurtenis of handeling vergelyk. Dit gaan nie primêr om reg of verkeerd nie, maar om die vergelyking. Die saak word beskou in verhouding tot 'n ander soortgelyke saak wat as norm geneem word. Die norm (of wet) word as 't ware een kant op 'n skaal geplaas en die betrokke handeling op die ander kant, sodat die onderskeiding of die ooreenkoms duidelik word. Dit gaan nie om die inhoud van die handeling nie, maar om die vergelyking met 'n maatstaf, byna soos wat 'n regter in 'n hofsak in sy uitspraak na vroeëre sake verwys. 'n Mens kan natuurlik hierin iets van die voorliefde van moderne tydskrifte vir gevallestudies sien – die mens neem 'n ander geskiedenis as maatstaf sodat 'n bepaalde gebeurtenis daarmee vergelyk kan word.

In die *Memorable* word 'n merkwaardige gebeurtenis wat 'n historiese feit is, weergegee. Hier gaan dit om feitelikheid en geloofwaardigheid (soos in 'n koerantberig?). Die sprokie gee gestalte aan die mens se nuwe morele en etiese oordele. Dit beskryf hoe die mens graag sou wou sien dat dit in die wêreld gaan. Die sprokie bevat wonderbaarlike gebeurtenisse, die goeie word beloon, die bose gestraf, maar ten diepste berus die bestaan en gewildheid van sprokies daarop dat 'es in diesen Erzählungen so zugeht, wie es unsere Empfinden nach in der Welt zugehen müsste' (Jolles, 1956:200).

Die grap, Jolles se laaste eenvoudige vorm, illustreer baie mooi hoe dieselfde geestesaktiwiteit by verskillende volke verskillende vorme en inhoude kan aanneem, maar in wese steeds voortspruit uit dieselfde geestesaktiwiteit. Al het elke taal (of volk) 'n kenmerkende humor wat in bepaalde grappe uiting vind, het alle grappe dit gemeen dat in die grap 'n saak of feit of probleem losgemaak, ontknoop, as 't ware ontlont word: '... dass in der Form Witz, wo immer wir sie finden, etwas *gelöst* wird, dass der Witz irgend-ein Gebundenes *entbindet*' (Jolles, 1956:206).

By elke eenvoudige vorm kan die spraakgebaar aangetoon word, elke eenvoudige vorm vertoon 'n gerealiseerde konkrete vorm in spesifieke tekste, en daar kan ook in elke geval 'n verwante doelbewus gebruikte kunsvorm onderskei word: 'Wir verstehen unter *Kunstformen* solche literarische Formen, die gerade durch persönliches Wählen, durch persönliches Eingreifen bedingt sind, die eine letztmalige Verendgültigung in der Sprache voraussetzen, wo sich nicht mehr etwas in der Sprache selbst verdichtet und dichtet, sondern wo in einer nicht wiederholbaren künstlerischen Betätigung die höchste Bündigkeit erreicht wird' (Jolles, 1956:150). Waar by die eenvoudige vorm van *Sichvonselbstmachen* sprake is, gaan dit by die kunsvorm om *Zubereiten*. Die eenvoudige vorm stel die wêreld in sy algemeenheid voor en die kunsvorm beklemtoon die uniekheid en individualiteit van die spesifieke,

die eenmalige. So staan die sprokie teenoor die novelle, die raaisel teenoor die speurverhaal, die grap teenoor die komedie of satire.

5. Reaksie op Jolles

In die *Anhang* by die 1956-uitgawe van Jolles se *Einfache Formen* word daar tien besprekings van die werk opgenoem en ook verwys na etlike studies en dissertasies wat die probleme rondom die eenvoudige vorme as vertrekpunt het. Dit is dus duidelik dat die werk in die jare nadat dit verskyn het, baie hoog aangeskryf is.

Einfache Formen word beskou as 'n voorloper van die formalisme en die strukturalisme (Beekman, 1983:329, 335; Scholes, 1974:42). Die boek beleef verskeie herdrukke en is in Engels en Frans vertaal. Verskeie toonaangewende kontemporêre literatuurwetenskaplikes bespreek en kommentareer Jolles se teorie, sodat 'n mens met reg kan beweer dat *Einfache Formen* een van dié werke is wat die grondslae van die moderne verhaalterorie vorm. In die ouer Duitse literêre teorie was Jolles baie bekend, soos blyk uit Kayser (1971:350) se *Das sprachliche Kunstwerk*, maar ook mense soos Ducrot en Todorov, Genette, Hempfer, Poser en Scholes neem deeglik kennis van Jolles (Beekman, 1983:329–344).

Antoine Bodar het die afgelope aantal jare 'n omvattende studie oor Jolles onderneem (Bodar, 1983a en 1983b). Dit wil dus tog voorkom asof Jolles se insigte, hoewel dit voortkom uit 'n anderssoortige benadering as die kontemporêre, nog steeds relevant en stimulerend is.

Jolles redeneer op 'n geesteswetenskaplike wyse, met die klem op gees. Hy is steeds met die mens as taalgebruiker en met die menslike gees as die bron van bepaalde *Geistesbeschäftigungen* besig. Wanneer die eenvoudige vorm kunsvorm word, is dit juis deur 'n doelbewuste artistieke hantering en aanbieding van sowel 'vorm' as taal dat die artistieke werk tot stand kom. Onderliggend aan Jolles se teorie lê die oortuiging: die mens is taal. Wat die mens is, leef in sy taal, maar die taal maak ook die mens *mens*. Jolles redeneer metafisies en glo dat dinge bestaan, of dit bewustelik waargeneem word of nie, en of dit gebruik word of nie.

Later in sy lewe was Jolles nie meer so seker daarvan dat daar slegs nege eenvoudige vorme bestaan nie. Hy het dit oorweeg om 'n tiende vorm by te voeg, naamlik die fabel, en ook om die tien eenvoudige vorme in twee groepe te rangskik volgens hulle aard wat of realities of idealities is. Hy het 'n skematiese voorstelling van so 'n groepering gemaak (Jolles, 1956:227).

	Vraag	Stelling	Stilte	Bevel	Wens
Realities	Kasus	Sage	Raaisel	Spreek	Fabel
Idealities	Mite	Memorable	Grap	Legende	Sprokie

Jolles was 'n kind van sy tyd. Hy was bekend vir sy enorme belesenheid, en hy het dikwels in sy denkwysse by Plato en Aristoteles aangesluit. Hy bou ook telkens sy teorieë op uitsprake van Goethe. Hy verwerp onomwonde die positivistiese en *geistesgeschichtliche* benadering van die literatuur en hy stel

aan homself die eis van wetenskaplikheid, iets waartoe hy glo die morfologiese benadering hom in staat stel.

Jolles lê 'n verband tussen outonome taalprosesse en die literêre werk, net soos wat daar 'n verband bestaan tussen outonome taalstrukture en die taal as geheel. Hy hou hom besig met die *wese* van die taal en verskil so van die Russiese Formaliste wat die taal as 'n instrument sien (Striedter in Beekman, 1983:335). Scholes beskou Jolles as 'clearly structuralist – or proto-structuralist – in nature', maar 'n mens moet toegee dat hy, in vergelyking met wat later gekom het, 'n uiters matige strukturalis was.

Beekman (1983:336) toon aan hoe Jolles lof toegeswaai is deur Striedter, Ducrot en Todorov, Hempfer en veral Scholes, en hy wys daarop dat Egon Werlich in sy daarstelling van 'n tekstipologie na Jolles verwys. Jolles se insigte vind dus ook aanklank by latere literatuurwetenskaplike ontwikkelinge. Hy is altyd deeglik bewus van die leser of ontvanger (al gebruik hy nie hierdie terme nie), bv. waar hy die legende lees soos wat die implisiete eietydse leser dit sou doen. In sy beklemtoning van die feit dat die wesens-treкке van die eenvoudige vorme dieselfde bly, al verskil die konkrete inhoud en vorm van tyd tot tyd en plek tot plek, sien ek 'n intuïtiewe bewustheid van dit wat vandag 'n resepsiegemeenskap genoem word: in Ierland klink 'n grap anders as in Suid-Afrika, maar die essensiële eienskap van 'n grap is oral dieselfde.

Hempfer (Beekman, 1983:337) wys daarop dat Jolles die literêre genres as transformasies van taalkundige konstruksies sien, terwyl 'n mens ook die gerealiseerde eenvoudige vorm as 'n transformasie van die algemene eenvoudige vorm kan beskou. Die kunsvorm is 'n transformasie van die eenvoudige vorm, maar ook 'n transformasie van die gerealiseerde eenvoudige vorm, veral waar daar van parodiëring sprake is.

Daar is ook kritiek teen Jolles. Hy gaan uit van die taal en taalvorme, maar volgens meer 'moderne' literatuurwetenskaplikes bly hy steek in 'n outydse taalmetafisika. Dit is so dat Jolles die eenvoudige vorme as literêre strukture wil tipeer, maar volgens Beekman (1983:339) bly hy in gebreke om 'n grammatika of 'n logika en die reëls waarvolgens dit sou funksioneer, op te stel. Die aantal vorme word ook as aanvegbaar beskou (Beekman, 1983:338), veral omdat Jolles self sy stelsel (hetsy nege of tien vorme) as afgeslote en volledig beskou.

Beekman (1983:339) sê: 'Jolles heeft noch verantwoording afgelegd voor het aantal, noch voor het soort enkelvoudige vormen, dat hij meende te onderkennen. Hy beklemtoon die gebrek aan reëls of vasgelegde wetmatighede en beskou Jolles se redenasies as te vaag om werklik wetenskaplik te wees – veral die metaforiese uiteensetting van die werksaamheid in die natuur, die taal en die kultuur (die boer, kunstenaar en priester). Beekman (1983) vertaal *Einfache Formen* met *enkelvoudige vorme*, maar volgens Bodar (1983:85) is dit verkeerd. Enkelvoudig staan teenoor samegestel en die eenvoudige vorme kan enkelvoudig (byvoorbeeld die grap of spreuk) of saamgestel wees (byvoorbeeld die legende of sage). Hierdie vorme is inderdaad eenvoudige teenoor die komplekse kunsvorme.

Die kern van Beekman se besware teen Jolles se teorie is die feit dat Jolles

die *wese* of die *aard* van die vorm wil bepaal en beskryf: 'Het geven van wezensdefinities hoort echter tot een verouderde vorm van wetenschap.' Hy ontken dat 'n verskynsel noodwendig 'n 'aard' of 'wese' sou besit wat aange-
toon kan word. Hierdie beswaar en ook die beswaar teen die gebrek aan reëls, beskou ek as ongeldig. Alles wat met die mens te doen het, het wel 'n bepaalde aard of wese, en ek dink Jolles se ontleding van die eenvoudige vorme as sodanig is juis 'n bewys daarvan. Die soeke na die wese van 'n saak is nie noodwendig verouderd nie. Die beswaar teen die bepaling van die 'wese' van 'n saak kom uit die relativistiese filosofie voort, wat op sigself ook gekritiseer kan word.

Die beswaar teen die gebrek aan grammatikale en logiese reëls lyk vir my na die afdwing van 'n streng strukturalistiese eis op 'n werkwyse wat nie so strak strukturalisties is of wil wees nie. Die buigsaamheid en speling vir variasie in Jolles se teorie is juis een van die verdienstes van sy werk. Hierdeur ontkom hy juis aan die rigorisme van die latere strukturalisme wat vanuit 'n post-strukturalistiese benadering so onaanvaarbaar is.

Jolles wou die verskynsel van eenvoudige vorme ondersoek vanuit die hoek *dat* hierdie vorme bestaan, *dat* hulle op 'n bepaalde manier ontstaan en *dat* hulle verwerklik word of as artistieke vorme doelbewus gebruik word. Die opstel van reëls om hierdie oorgange wetmatig weer te gee, was miskien aanvanklik wel deel van sy bedoeling, maar dit sou myns insiens tot groter onaanvaarbaarheid lei. Jolles stel dit duidelik dat een geestesaktiwiteit op verskillende maniere kan realiseer, en waar dit oor die kunsvorme gaan, is die aanbied van reëls in elk geval doodgewoon onaanvaarbaar. Jolles laat dus ruimte vir variasie en hy laat iets aan die onsienlike oor – hy aanvaar dat in die geestesaktiwiteite van die mens in die gemeenskap en in die outonome taalwordingsprosesse 'mistieke' magte aan die werk is, en hierdie onbeskryfbare dinge laat hy daar. Hy ondersoek die taalvorme en die kunsvorme wat daaruit voortspruit met soveel insig dat daar steeds met vrug na sy ontleding van die eenvoudige vorme gekyk kan word.

Antoine Bodar het 'n deeglike studie oor die lewe en werk van André Jolles gemaak. In 'n artikel 'Het verliteratureerde leven van André Jolles' gee Bodar (1983a) 'n besonder insiggewende oorsig oor Jolles se persoonlike lewe, die vormende invloede wat op hom ingewerk het, sy akademiese prestasies, sy geskrifte en sy politieke opvattinge. Uit hierdie artikel blyk dat Jolles toenemend die hele lewe as literatuur gesien het. Die eenvoudige vorme het hoe langer hoe meer 'n sentrale tema in sy werk en in sy lewe geword: 'Jolles heeft leven en literatuur geïdentificeerd. Hij heeft zelf in het leven steeds de realisering van de eenvoudige vormen ontdekt – ook de realisering van de mythe' (Bodar, 1983a:46). Bodar verklaar selfs die feit dat Jolles 'n aanhanger van die Nasionaal-Sosialisme en veral van Hitler as persoon geword het, daaruit dat Jolles Hitler as die verpersoonliking van die mitiese held gesien het.

'Leest men Jolles' boek met de ogen van de systematicus, dan is er veel dat niet deugd. Leest men het met de ogen van de wijsgeer, dan constateert men de aanhankelijkheid jegens de objektieve geest en tevens een aantal tegens-
trijdheden. Leest men het met de ogen van de taalkundige, dan ontwaart

men vooral de goede wil om taalkunde te bedryven. Leest men het als originaliteitsjager, dan staat er in het boek in relatie tot vroegere geskrifte weinig nuw; wel vormt het een gans eie visie. Leest men het boek ten slotte met de ogen van de weetgierige op het terrein van die kultuur als geheel, dan is *Einfache Formen* een even erudiet als ontspannend boek' (Bodar, 1983b:84).

6. Jolles en die moderne literatuurwetenskap en literatuur

Daar is reeds terloops daarna verwys hoe sekere uitgangspunte van Jolles teruggevind kan word in meer resente teorieë. Omdat Jolles die gemeenskap en die geestesaktiwiteit in 'n gemeenskap as uitgangspunt neem, en sterk klem lê op die uitwerking wat die gerealiseerde eenvoudige vorm en kunstvorm (en ook die basiese taalkonstruksies) op die gemeenskap het, kan 'n mens aflei dat hy intuïtief die resepsie van literêre vorme as 'n belangrike aspek van die literêre kommunikasie gesien het. Dat dieselfde geestesaktiwiteit by verskillende volke en op verskillende tye in die geskiedenis tot verskillende taalkonstruksies en ook verskillende literêre vorme aanleiding gee, toon myns insiens 'n ooreenkoms met die idee van 'n resepsiegemeenskap soos die sosiolinguistiek met hierdie begrip werk.

Die taalhandelingsteorie se siening dat die literêre werk 'n uitbreiding, versiering en improvisasie van 'n basiese taalhandeling is, herinner ook baie aan Jolles se teorie. Mary Louise Pratt (1977) lê sterk klem op die feit dat literatuur nie bestudeer kan word sonder dat die literêre werk as 'n taalhandeling in 'n bepaalde sosiale konteks gesien word nie. Sy benader die literatuur van die natuurlike kant af, dit wil sê vanuit die basiese taalhandeling, en toon aan dat literêre verhale dieselfde struktuur vertoon as *natural narratives*. Literêre tekste vertoon 'n spel met, binne, rondom en buite die reëls van alle normale taalhandelinge, maar is juis betekenisvol en verstaanbaar omdat die skrywer en leser die reëls ken en verstaan en omdat skrywer en leser bewustelik en gewilliglik in 'n verhouding met mekaar tree waarin hierdie spel met wedersydse instemming en begrip gespeel word (die sogenaamde *Co-operative Principle*). Hoewel Jolles dit meer spesifiek oor genres het, glo hy tog dat die literêre werk uit 'n basiese taalkonstruksie ontwikkel en dat sulke 'taalgebare' (*Sprachgebärde*) in bepaalde eenvoudige vorme ontwikkel. Die doelbewuste gebruik van so 'n eenvoudige vorm deur die kunstenaar lei tot die ontstaan van die kunstvorme, die artistieke literêre werke. Pratt se uiteensetting berus op baie meer gesofistikeerde linguïstiese navorsing, maar daar is vir my duidelik 'n ooreenkoms in die fundamentele uitgangspunte.

'n Opvallende verskynsel is dat daar te midde van toenemende wetenskaplike en tegniese literatuurteoretiese ontwikkelinge, ook 'n terugkeer na die heel basiese feite omtrent literêre tekste is. Langdon Elsbree beskryf en ontleed in sy boek *The Rituals of Life* (1982) die verband tussen verhalende tekste en die basiese rituele handelinge wat in gemeenskappe voorkom. Daar is m.i. 'n duidelike ooreenkoms in die denke wat in hierdie boek uitgespreek word en Jolles se ondersoek van die geestesaktiwiteit wat in 'n gemeenskap aan die werk is.

Elsbree (1982:3–16) sien stories as een van die essensiële rituele van menswees. Hy glo ‘that the making of stories – acting, telling, writing – and the experience of stories – watching, listening, reading – are both “art” and “life”, are neither more nor less natural than other significant, distinctly human rituals’ (Elsbree, 1982:3). Hy definieer ritueel kortliks as daardie dinge in die mens se lewe in ’n bepaalde gemeenskap wat die lewe verstaanbaar en betekenisvol maak.

Verhale, as rituele, help die mens om ’n greep te behou op dit wat hy ervaar, want die menslike ervaring (op persoonlike en artistieke vlak) word in mondelinge of artistieke verhale georden, en die ordening lei tot begrip. Dit sluit aan by Jolles se gedagte dat die basiese taalkonstruksie, in die eenvoudige vorm en kunsvorm, nie slegs na iets verwys nie, maar ’n saak op sigself word wat weer op die gemeenskap inwerk – ’n gedagte wat ook aansluit by die begrip ikonisiteit van Lotman (1977:21).

Elsbree (1982:15) glo dat ritueel in die eerste plek met argetipiese handeling te make het en dat klassieke verhale ook primêr oor argetipiese handeling gaan: ‘The history of world literature, whatever else it is, is one of diffusion, adaptation, and variation of such actions and their agents.’

Elsbree se uiteensetting is met die inhoud van verhale gemoeid, maar sluit tog aan by Jolles wat ook die literêre vorme na hul basiese ontstaansvorme herlei. Waar Jolles nege eenvoudige vorme onderskei, reduseer Elsbree (1982:15) die menslike handeling tot vyf argetipiese handeling:

1. Establishing, consecrating a home,
2. Engaging in a contest, fighting a battle,
3. Taking a journey,
4. Enduring suffering, and
5. Pursuing consummation.

Wanneer ’n mens na die wêreld van vandag kyk, is dit baie gou duidelik dat dieselfde geestesaktiwiteite wat Jolles in sy tyd opgemerk het (en wat waarskynlik van die begin van die mensheid af werkzaam was) nog steeds ’n groot rol in ons lewe speel. Hierdie geestesaktiwiteite word in baie tekste weerspieël – en hier verwys ek nie net na geskrewe taaltekste nie, maar na tekste in die wye sin van die woord, sodat o.a. televisieprogramme, koerantberigte, mondelinge taalhandelinge en tydskrifartikels ook ingesluit kan word.

Die geestesaktiwiteit onderliggend aan die legende, nl. die behoefte aan ’n navolgenswaardige voorbeeld, is steeds baie aktief in die moderne gemeenskap. Die lewensgeskiedenis en omstandighede van sporthelde, filmsterre, popsangers en ander vermaaklikheidssterre word eindeloos beskryf en uitgepluis in koerante en tydskrifte en baie dikwels ook in uitgebreide biografieë. Daar word huldigingsprogramme van kunstenaars en ander bekende mense gemaak vir televisie – vanaf Elvis Presley tot minder bekende bokshelde, tot Charles en Diana van die Britse koningshuis. ’n Lys van sulke tekste sou boekdele kon beslaan.

Die metafisiese grondslag waarop die middeleeuse legendes berus, is hier

heeltemal afwesig, maar die vertelling aangaande 'n navolgenswaardige figuur staan steeds sentraal. Hierdie mense se lewens word ook nie net oortel nie, dit word 'n mode, soms selfs 'n kultus om sulke figure na te volg of na te aap, sodat sulke tekste duidelik weer 'n invloed op die gemeenskap het.

Die outydse sages met hulle geskiedenis van families en bloedverwantskap vind sekerlik 'n moderne eksponent in die uiters gewilde televisiereekse soos *Dallas* en *Dynasty*. Trouens, die meeste 'soap operas' vertoon 'n deurlopende verhaallyn wat die wel en wee van 'n bepaalde familie beskryf.

Die mitiese verhale wat aan die mens antwoorde verskaf oor sy vrae oor die syn en wese van die wêreld en die lewe, neem m.i. vandag 'n heel ander gedaante aan. In 'n groot mate bied die wetenskap die antwoorde waarna gevra word, en sommige mense het buite die wetenskap geen behoefte aan 'n vertolking van hulle lewe en wêreld nie. Aan die ander kant is daar 'n verskeidenheid van uiters uiteenlopende godsdienstige benaderings wat aan die mens vertel hoe hy sy wêreld kan begryp en hanteer. In 'n sekere sin is selfs sommige politieke geskifte mities van aard – die Marxisme maak van Marx se werke 'n soort Bybel en baie politieke figure word as't ware as mitiese helde beskou – soos Jolles Hitler gesien het as die mitiese held.

Wanneer 'n mens praat oor die mite in die laaste helfte van die twintigste eeu, veral met die Afrikaanse literatuur in gedagte, kan jy sekerlik nie nalaat om melding te maak van Etienne Leroux se uitsprake oor die dilemma van die moderne gemeenskap nie. Volgens hom is die moderne mens juis sonder 'n lewegewende mite, vandaar sy verwarring.

Die raaisel is sekerlik een van die gewildste eenvoudige vorme in ons tyd. Talle speurreekse word op televisie vertoon. As daar 'n eenvoudige vorm is wat ongeag tyd of plek of omstandighede gedy, is dit die grap. Die vermoë van die grap om 'n netelige saak los te knoop of te ontloot is 'n onontkombare feit. 'n Plofbare politieke situasie figureer onmiddellik in 'n magdom grappe. Elke taal en kultuur het boonop sy eiesoortige sin vir wat snaaks is.

Die vermoë van die spreuk om 'n situasie af te pen, om ervaring mooi netjies op te som en raak te sê, word duidelik teruggevind in die soort spreuke wat ons clichés noem. Die gebruik van clichés word op alle lewensterreine gevind – politici, predikante, onderwysers, dosente en selfs kritici kan sonder hierdie konkluderende uitsprake kwalik kommunikeer.

Die trefkrag en waarde van slagspreuke is 'n bekende feit. Betogers loop met sulke spreuke deur die strate, agitators maak daarvan gebruik en die advertensiewese lig die gemeenskap in deur die voortrefflikheid van 'n produk in 'n treffende spreuk te beskryf.

Die *Kasus* vind 'n mens in die voorliefde vir gevallestudies waarvan elke vrouetydskrif vol is. Die gebruik van 'n ander geskiedenis as 'n maatstaf of 'n norm waaraan 'n bepaalde saak of persoonlike omstandighede getoets kan word, is ook nie net tot 'n sosiale praktyk beperk nie. Die gebruik van gevallestudies is 'n geldige wetenskaplike werkwyse in die humanitêre wetenskappe en veral in die regsweese word elke saak beskou as deel van die verwysingsraamwerk waarna volgende sake kan teruggryp.

As 'n mens volgens Jolles se teorie daarna kyk, is al die koerante vol

Memorables – die hele bedryf van die joernalistiek berus daarop dat interessante en wetenswaardige feitelike gegewens beskryf en oortel word. En die sprokie gedy in die massas ontspanningslektuur wat kafees en boekwinkels se rakke volstaan.

Ek wil vir geen oomblik voorgee dat ek die manifestasie van Jolles se nege basiese geestesaktiwiteite in die tagtigerjare van die twintigste eeu hiermee nagenoeg volledig aangedui het nie. 'n Mens kan ook nie beweer dat dit die enigste geestesaktiwiteite is wat die gemeenskap beheers nie. Ek wou slegs aantoon dat die geestesaktiwiteite wat onderliggend is aan Jolles se nege eenvoudige vorme in hierdie dae nog tot tekste aanleiding gee wat as eenvoudige vorme beskou kan word.

Die verband met die eenvoudige vorme kan ook duidelik gemerk word in die kunsvorme in die taal, dit wil sê in artistieke (literêre) tekste. Hiermee saam wil ek Elsbee se uitsprake oor die rol van argetipiese handeling in die klassieke werke van die wêreldliteratuur noem: 'The history of world literature, whatever else it is, is one of diffusion, adaptation, and variation of such archetypal actions and their agents.' Verder sê hy: 'My essential argument throughout is that the purer the archetypal action in a work, the greater the work's hold on us as a kind of ritual' (Elsbee, 1982:15).

As 'n mens 'n kunsvorm beskou as 'n doelbewuste ontginning van die eenvoudige vorm, dan is parodiëring vanselfsprekend een van die bekendste vorme van sodanige ontginning. Etienne Leroux se hele oevre berus m.i. op 'n ontginning van argetipiese handeling en die basiese geestesaktiwiteite wat die gemeenskap beheers. Hierdie dinge vorm die basis van sy romans, maar word op oorspronklike wyse ingeklee en omgewerk tot artistieke tekste.

Sonder om deeglik op besonderhede in te gaan, wil ek enkele opmerkings oor Leroux se werke maak in die lig van die voorafgaande. *Die Eerste Lewe van Colet* is die verhaal van 'n deel van Colet se lewe. Dit gaan spesifiek om die ontwikkeling van die kind tot 'n man, asook *consummation* en die soek na 'n tuiste, al is daar eerder 'n gebrek aan 'n tuiste ('n geestelike en fisiese tuiste – is die wit huisie wat Y se homoseksuele vriend later vir hom ontwerp nie 'n tuiste vir die knolskrywer nie?). *Hilaria* is 'n parodie van die mite in 'n beskrywing van 'n leë mitiese ritueel wat uiteindelik tog groot betekenis het en in *Die Mugu* gaan dit ook om die soeke na 'n tuiste, die verwerping van 'n plek in die gemeenskap, 'n stryd (wat die hooffiguur teen sy sin voer) en die kwessie van lyding.

Sewe Dae by die Silbersteins word die inisiasie van die onskuldige en ongeskonde enkeling. Die struktuur van die roman, die feit dat die verhaal vertel word soos wat dit oor sewe dae verloop, sluit aan by 'n bekende 'mitiese' verhaal, nl. die skeppingsverhaal van die Bybel. Op dieselfde manier is *Een vir Azazel* inhoudelik en struktureel met die basiese in die gemeenskap besig: dit gaan om die soek na 'n sondebok, 'n skuldige, maar die roman word as 'n speurverhaal aangebied. As parodie op 'n speurverhaal is hierdie roman dus 'n doelbewuste ontginning van die eenvoudige vorm van die raaisel. Interessant genoeg is die twee eenvoudige vorme wat met vrae te doene het, die mite en die raaisel, albei ter sake in *Azazel*. *Die Derde Oog* is duidelik 'n parodie op die moderne spioenasieverhaal – dit sou interessant wees om na te

gaan hoeveel van die verhoudinge en handeling wat in 'n James Bond-verhaal voorkom, ook in hierdie roman in geparodieerde en meerduidige vorm voorkom.

Leroux se derde trilogie is steeds met die dilemma van die moderne mens gemoeid, maar struktureel is hierdie drie romans besonder interessant. 18-44 is oteenseglik 'n briefroman, *Isis-Isis-Isis* 'n reisverhaal en is die begrafnisfees in *Na'va* nie uiteindelik en veral 'n spookstorie nie? *Magersfontein, o Magersfontein!* parodieer die historiese roman en *Onse Hymie* is 'n uitgebreide grap, 'n parodie van die komedie, waarin die oënskynlik komiese uiteindelik 'n ontsettende en onontkombare realiteit aan die orde stel.

Afgesien van die strukturele eienskappe van Leroux se romans kom daar sekere elemente in al die romans voor wat ook in verband gebring kan word met die geestesaktiwiteite waarvan Jolles praat. Leroux skryf oor legendariese en mitiese figure, maar skep ook karakters wat as legendariese figure onthou word. Karakters soos Juliana Doepels (in allerhande gedaantes), die knolskrywer of onse Hymie word nie maklik vergeet nie en niemand kan ontken dat hierdie romans vir die noulettende leser 'n nuwe visie open nie. Dit is ook interessant dat familieverbintenisse so 'n belangrike rol speel in Leroux se romans – al die ooms en tantes en vaders vorm deel van 'n kaleidoskopiese prent van menslike verhoudinge – 'n panorama van die lewe.²

Dit wil dus vir my voorkom asof daar in die moderne literêre geselskap heelwat ooreenstemming met Jolles se denke is. As literatuurwetenskaplike probeer Jolles orden en sistematiseer, terwyl 'n kunstenaar soos Leroux verwerkend en herskeppend kunsforme skep uit daardie dinge wat ten diepste aan menslike gemeenskappe ten grondslag lê.

Aantekeninge

1. Vir 'n uitvoerige bespreking van Jolles se lewe en werk, vgl. Bodar, 1983a.
2. Ek wil nie hiermee te kenne gee dat ek Leroux se romans inhoudelik of struktureel wil reduseer tot die genoemde aspekte nie. Die romans is almal uiters komplekse artistieke tekste wat baie verskillende soorte ontledings moontlik maak. 'n Onderzoek van die romans in die lig van hierdie teoretiese uitgangspunte sou egter interessant en vrugbaar kon wees.

Verwysings

- Beekman, K. 1983. Enkelvoudige vorme en hun nawerking. *Spektator* 12(5):329-344.
- Bodar, A. 1983a. Het verliteratuurde leven van André Jolles. *Maatstaf* 8: 32-47.
- Bodar, A. 1983b. Negen eenvoudige vorme. *Spektator* 13(2):71-87.
- Bremont, C. 1977. De logika van de narratieve mogelijkheden. In: Bronzwaer, W.J.M.; Fokkema, D.W.; Ibsch, E. (reds.). *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo, pp. 183-207.
- Ducrot, O.; Todorov, T. 1979. *Encyclopedic dictionary of the sciences of language*. Vertaal deur Catherine Porter. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Eco, U. 1979. *The role of the reader*. Bloomington: Indiana University Press.

- Elsbree, L. 1982. *The rituals of life*. Port Washington, New York: Kennikat Press.
- Greimas, A.J. 1971. *Strukturele Semantik*. Braunschweig: Friedr. Vieweg & Sohn.
- Jolles, A. 1923. *Bezieling en vorm*. Haarlem: Willink.
- Jolles, A. 1956. *Einfache Formen*. Second printing. Halle (Saale): Max Niemeyer.
- Lotman, J. 1977. *The structure of the artistic text*. Vertaal uit die Russies deur Gail Lenhoff en Ronald Vroom. Michigan: University of Michigan Press.
- Pratt, M.L. 1977. *Toward a Speech Act theory of literary discourse*. Bloomington: Indiana University Press.
- Propp, V. 1971. *Morphology of the folktale*. Second edition. Austin: University of Texas Press.
- Scholes, R. 1974. *Structuralism in literature*. Third printing. New Haven: Yale University Press.
- Todorov, T. 1977. *The poetics of prose*. Oxford: Basil Blackwell.